# 4. Letterkundige terme

## Titel

Die titel is die naam van die storie en verskyn op die voorblad. Dit sê vir ons kortliks waaroor die storie gaan. As die storie ’n “huis” is, is die titel die “sleutel” wat die voordeur oopsluit. Dit is dus baie belangrik dat ons die titel en die prent op die voorblad bestudeer voordat ons die storie lees.

*Die verdwyning van Seamus Smit deur Seamus Smit* is ’n baie lang titel en reeds daar kan jy aflei dat hier ’n interessante boek gaan wees. Wie is Seamus dat hy self oor sy verdwyning gaan praat?

## Intrige

Die intrige of verhaalplan/storielyn van ’n storie is in Engels bekend as die plot. Dis die volgorde van gebeure soos dit in die verhaal aangebied word.

Die storie handel oor Seamus wat een oggend wakker word en tot sy skok agterkom dat sy bene heeltemal verdwyn het. Dis totaal onsigbaar! Na ’n uur of wat is sy hele lyf onsigbaar en kan hy niks van homself in ’n spieël sien nie. Seamus bly saam met sy ma en oom in ’n woonstel, maar hy kan hulle glad nie hiermee pla nie, want dan gaan hulle uitvind dat hy in oom Bob se kas gekrap en ’n vreemde neut geëet het! Die storie handel dan oor Seamus se dag, en oor hoe hy heeltyd planne moet beraam om dinge te laat gebeur terwyl hy onsigbaar is.

## Verteller

Die verteller is ’n eerstepersoonsverteller. Seamus self is aan die woord en ons sien alles vanuit sy perspektief. (Die titel van die boek help ook hiermee.) Die voordeel van ’n eerstepersoonsverteller is dat die leser presies weet wat die karakter voel en dink.

## Karakters

Karakters is noodsaaklik in ’n verhaal; sonder karakters is daar geen storie nie.

Die **hoofkarakter** is Seamus. Hy is ’n **ronde karakter** omdat al die gebeure in die verhaal rondom hom draai, en ons kan sien hoe hy as karakter ontwikkel.

Die ander karakters in hierdie boek is almal **newekarakters**. Hulle vorm ’n belangrike deel van die storie, maar daar word nie vreeslik baie inligting oor elkeen gegee nie, en hulle rolle is aansienlik kleiner as die hoofkarakter s’n. Deur hulle interaksie met Seamus kan die leser sien hoe Seamus ontwikkel, maar die newekarakters self ontwikkel en groei nie. Hulle staan ook as **plat karakters** bekend omdat diepte ontbreek.

Die leser leer karakters ken deur wat hulle dink, doen, en sê. Ook uit hoe ander karakters met en van hulle praat, teenoor hulle optree, asook uit byname, ensovoorts.

Soos wat die verhaal vorder, gaan daar aanduidings van karakter-eienskappe in elke hoofstuk wees. Merk die plekke in jou leesboek en vul elke karakter se karakterskets in jou werkboek aan soos wat die verhaal vorder. Onthou ook om die bladsynommers by te sit, sodat jy later maklik kan teruggaan na die plek in ’n hoofstuk.

## Konflik

Karakters se botsing met hulself, ander karakters of omstandighede kan ’n belangrike rol speel by die intrige en spanning van ’n verhaal. Daar word onderskei tussen **innerlike** en **uiterlike** konflik.

**Innerlike konflik**: Die konflik is in die karakter se gedagtes, byvoorbeeld oor ’n moeilike besluit wat hy moet neem. Seamus moet die heeltyd besluit wie van sy ma of die twee ontvoerde meisies hy eerste moet help. Hy sit ook met skuldgevoelens en wrewel oor alles wat Brood aan hom en Greta doen. Dit is ook vir hom ontstellend dat

sy ma nie kan sien wie *Die Skedel* regtig is nie, en hy sukkel om dit te verstaan.

**Uiterlike konflik**: Die konflik kan tussen karakters wees of openlike konflik tussen ’n karakter en die omgewing (byvoorbeeld norme of reëls), die natuur of ander magte wat sy lewe beheer. Brood veroorsaak uiterlike konflik en alhoewel Seamus onsigbaar is, is die konflik tussen hulle sigbaar (wanneer Seamus die koeldrank omgooi).

In elke storie is daar gewoonlik ’n **protagonis** (hoofkarakter) en ’n **antagonis** (soms meer as een) wat die protagonis teenstaan en hom/haar probeer verhoed om sy/haar doel te bereik.

Seamus is die protagonis. Sy onsigbare self kan dalk as ’n antagonis beskou word, want die feit dat hy moet optree sonder dat iemand iets sien, en hy nie chaos veroorsaak nie, veroorsaak konflik.

Meneer Lausch (*Die Skedel*) en Brood is twee antagoniste wat Seamus se lewe baie moeilik maak.

## Spanning

Spanning is die afwagting wat die leser verder wil laat lees. In *Die verdwyning van Seamus Smit* is dit die feit dat Seamus onsigbaar is die goue draad wat die spanning aan die gang hou. Seamus moes net sy wiskundetoets gaan skryf het. Maar met die onverwagse besoek van meneer Lausch verander alles. Nou moet Seamus die toets gaan skryf én dringend by sy ma uitkom, maar soos wat die dag sy loop neem, is daar baie ander struikelblokke en gebeure wat keer dat hy by sy ma kan uitkom. Op die ou end is daar letterlik sewe minute oor tot die grootste klimaks van die verhaal waar sy ma en haar voornemende besigheidsvennoot uiteindelik ontmoet.

## Ruimte

Ruimte behels die plek, tyd en atmosfeer waarin die verhaal afspeel. Ruimte help ook bou aan ander elemente soos die intrige, karakters of stemming, en spanning. Met dié dat Seamus onsigbaar is, kan

baie van die ruimtes as antagonisties voorkom. Hy het soveel belangrike goed wat hy moet doen en sê, soveel mense wat hy moet help, maar sy onsigbaarheid is 'n probleem, want dit bemoeilik alles wat hy moet doen.

Seamus is 'n goeie storieverteller en deur sy oë word elke ruimte in detail bespreek. Som al die ruimtes in die verhaal op, dui aan watter karakters in daardie ruimte is, en bespreek dan hoe die ruimte én die karakters Seamus beïnvloed en 'n bydrae tot sy ontwikkeling het.

## Tyd

Die gebeure speel oor 'n dag af. Die storie begin en eindig met Seamus in sy slaapkamer. Die **verteltyd** is dus 'n dag. Die **vertelde tyd** (hoeveelheid bladsye) is 112.

